higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

## 21 NOVEMBER 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | H |
| 1.1.2 | I |
| 1.1.3 | L |
| 1.1.4 | E |
| 1.1.5 | M |
| 1.1.6 | O |
| 1.1.7 | N |
| 1.1.8 | C |
| 1.1.9 | A |
| 1.1.10 | B |

(10 × 2) (20)

1.2

1.2.1 Waar (1)

1.2.2 Waar (1)

1.2.3 Waar (1)

1.2.4 Waar (1)

1.2.5 Onwaar (1)

Erickson se teorie het 8 stadiums van psigososiale ontwikkeling beskryf. (1)

1.2.6 Onwaar (1)

Identiteitsvorming verwys na die ontwikkeling van 'n individu se eiesoortige persoonlikheid.

**OF**

Selfdoeltreffendheid verwys na 'n persoon se geloof in sy/haar vermoë om dinge te bereik. (1)

1.2.7 Onwaar✓ (1)

Tydens die outonomie teenoor twyfel of beskaamdheid stadium is die kind suksesvol met toilet-opleiding.✓

**OF**

Tydens die inisiatief teenoor skuldgevoel stadium moet die kind selfbeheer ontwikkel.✓ (1)

1.3 1.3.1 B
1.3.2 D
1.3.3 C
1.3.4 C
1.3.5 A
1.3.6 D
1.3.7 B
1.3.8 C
1.3.9 D
1.3.10 B

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1
- Gee die kinders die geleentheid om weg te breek van volwasse toesig en tyd saam met kinders met soortgelyke belangstellings deur te bring
- Laat kinders toe om verhoudings op hulle eie in die sosiale stelsel te vorm bv. deur musiek of sport
- Laat kinders toe om die gebruike, sosiale norme en verskillende ideologieë wat die portuurgroep vir hulle leer, aan te leer
- Leer kinders oor geslagsverskille
- Laat die kind toe om deel van 'n portuurgroep te wees, self al is hulle taal en spel op hierdie ouderdom meestal egosentries
- Leer die kind om ander mense se menings te respekteer
- Leer die kind om verantwoordelikheid te aanvaar
- Leer die kind om realisties oor sy/haar eie vaardighede en persoonlike eienskappe te wees (Enige gepaste 5 × 2) (10)

2.2
- Stereotipiese illustrasie, byvoorbeeld illustrasies wat voorstel dat kook en huiswerk vir vrouens is en dat vrouens die mans bedien
- Die gebruik van seksistiese terme, byvoorbeeld 'polisieman' in plaas van 'polisiebeampte'
- Poste uitgebeeld volgens tradisionele norme, byvoorbeeld mans as dokters en vrouens as verpleegsters
- Stories wat aanneem dat vrouens minder avontuurlustig en vaardig as mans is met speletjies en tegniese werk
- Stories wat vrouens voorstel as nie in staat om hulleself te help en hulle eie probleme op te los sonder mans se ingrypings nie
- Twee-waarde taalstelsel: spesifieke taal vir sekere geslagte, byvoorbeeld dogters 'giggel' en seuns 'lag'
- Stories wat persoonlikhede as geslag stereotipes uitbeeld, byvoorbeeld vrouens is sensitief en versorgend en mans is dapper, mededingend en rasioneel

- Stories wat aanneem dat daar fundamentele verskille is tussen hoe mans en vrouens dink en take benader
- Vroulike persoonlikhede word uitgebeeld as sensitief, intuïtief, self-opofferend en ligsinnig. Manlike persoonlike word aangedui as mededingend, sterk, analities en ernstig
- Verskillende rolle van vrouens – uitgebeeld as in staat om verskillende take uit te voer – moederskap, vrou en versorger; harteloos of supervrou; wat mans bedien (Enige gepaste 3 × 2) (6)

2.3
- 'n Reeks primitiewe behoeftes in die onderbewussyn:
  - Instink vir selfbewaring (kos, water, skuiling en sekuriteit)
  - Seksuele instink – behoefte om 'n seksuele maat te kry en seksuele omgang te hê (biologiese reproduksie)
- Dit is die enigste komponent van die persoonlikheid wat vanaf geboorte teenwoordig is
- Dit soek na plesier sonder inagneming van sosiale reëls of gebruike, byvoorbeeld wanneer 'n baba honger is, eis hy of sy onmiddellike bevrediging van daardie behoefte.
- Hy is 'ongekunsteld' en alles sentreer net om hom.
- Geen sosiale verfyndheid teenwoordig nie. (Enige 4 × 2) (8)

2.4 Die proses van plaasvervangende bekragtiging behels:
- As mense waarneem dat ander vir sekere gedrag beloon word, sal hulle waarskynlik daardie gedrag herhaal.
- As mense waarneem dat ander vir sekere gedrag gestraf word, sal hulle daardie gedrag waarskynlik vermy. (2 × 2) (4)

2.5 2.5.1 Dit is 'n metode om inligting in te samel waarin die waardeerder die onderwerp in sy/haar gewone omgewing waarneem sonder om daardie omgewing te verander.

2.5.2 Dit is 'n formele, gestruktureerde en spesifieke vergadering waarin een of meer mense 'n ander persoon vrae vra, raadpleeg of evalueer gebaseer op 'n spesifieke onderwerp, deur aandag te gee aan die inhoud van die antwoorde asook lyftaal.

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.6
- Hoë verteenwoordiging
- Lae koste
- Gerieflike insameling van data
- Goeie statistiese belang
- Min of geen waarnemer-subjektiwiteit nie
- Presiese resultate (Enige 4 × 2) (8)

2.7
- Die kind ontwikkel meer vaardighede en vermoëns.
- Die kind kan planne maak.
- Die kind neem inisiatief om doelwitte te bereik.
- Die kind beproef nuwe kognitiewe vaardighede uit.
- Die kind probeer om die wêreld rondom hom/haar te oorwin.
- By tye kan die kind se lewendige optrede as aggressiewe gedrag beskou word.
- Die kind word bewus van morele reëls, aanvaarbaarheid en dat ander mense van jou hou.
- Die risiko is dat die kind te kragdadig word en hy/sy te veel gestraf word. Dit kan skuldgevoelens veroorsaak.
- Kinders moet 'n gewete en selfbeheer ontwikkel, maar te veel skuldgevoel kan die kind se kreatiwiteit en interaksie met ander beperk.
- 'n Gebalanseerde ontwikkeling lei tot sintese (doel: die vermoë om doelgerig en met selfvertroue na doelwitte te streef). (Enige 5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Geslag
- Persoonlikheid of temperament
- Sielkundige toestand
- Intelligensie
- Motivering (Enige 5 × 1) (5)

3.2
- Wees aktief betrokke by jou kind, bv. lees stories, vra oor sy of haar dag by die skool, beskryf roetines.
- Vra jou kind vrae en verduidelik dan hoe hy of sy reageer.
- Gebruik visuele stimulasie wanneer jy iets saam met jou kind doen, bv. wys plakkate of advertensie terwyl julle inkopies doen, lees stories met prente.
- Musiekterapie: Speel liedjies en ritmes. Sing saam, moedig die kind aan om jou na te aap. Musiek is vermaaklik en bou taal.
- Positiewe bekragtiging: Prys jou kind vir elke klein poging wat hy/sy aanwend. Dit sal sy/haar selfvertroue verbeter om te praat.
- Wees geduldig en vermy enige vorm van kritiek.
- Kry professionele hulp vir 'n diagnose en behandeling, bv. die dokter, oudioloog (oorspesialis), kindersielkundige, neuroloog (breinspesialis) of spraakterapeut. (Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Ontbering – swak voorbeelde gestel deur ouers – onvoldoende blootstelling aan taalstimulasie, bv. boeke, liedjies ens.
- Intellektuele gestremdheid
- Omgewingsontbering
- Swak ouer-kind verhouding wat spruit uit ouerskaptegnieke, bv. dominante en voorskriftelike ma en onderdanige pa; oor-angstige (neurotiese) ouers
- Fisiese en geestelike onvolwassenheid
- Gehoorverwerkingsversteuring
- Neurologiese probleme, bv. serebraal gestremdheid, spierdistrofie en traumatiese breinbesering
- Problematiese ma-kind verhouding
- Emosionele probleme wat spruit uit rou of omdat hy/sy geboelie word

(Enige 5 × 1) (5)

3.4 3.4.1 Outokratiese/demokratiese onderrigstyl (1)

3.4.2 Demokratiese onderrigstyl:
- Dit is 'n vriendelike styl en moedig alle leerders aan om deel te neem.
- Betrek leerders in gedeelde besluitneming en skep 'n ondersteuningstruktuur.
- Laat die leerder vryer en gemaklik voel oor deelname aan aktiwiteite.
- Skep 'n positiewe leeromgewing wat belangstelling in akademiese prestasie kweek.

**OF**

Outokratiese onderrigstyl:
- Dikteer aan sy of haar leerders, eis samewerking wat tot beter dissipline lei.
- Kan sekere leerders inhibeer en hulle verhoed om hulle ware potensiaal te ontwikkel.
- Leerders kan onderdruk voel aangesien hulle nie toegelaat word om hulle idees so vrylik uit te druk as wat hulle wil nie.
- As gevolg van die onderwyser-gesentreerde benadering kan leerders minder aktief betrokke wees en leer kan minder suksesvol wees. (4)

3.5 3.5.1 Elektiewe mutisme (1)

3.5.2
- Oormatig skaam
- Sosiaal geïsoleer/Passief by die skool
- Vatbaar vir 'n geterg/geboelie
- Teruggetrokke en onwillig om met mense buite haar gesin te praat
- Ignoreer alle pogings om by 'n gesprek betrek te word
- Afhanklik ('clinging') – ervaar skeidingsangs van sy/haar ouers
- Het beperkte sosiale en portuurverhoudings
- Ervaar skoolvrees of fobies in die algemeen
- Het kompulsiewe eienskappe
- Het normale taalvaardighede maar verkies om deur gebare te kommunikeer
- Ervaar toilet-opleidingsprobleme soos enkoprese en enurese
- Het 'n negatiewe houding
- Het woede-uitbarstings
- Vertoon angsversteurings (Enige 4 × 1) (4)

3.5.3
- Daar is 'n genetiese predisposisie vir angstigheid.
- Daar is 'n familiegeskiedenis van oormatige inkennigheid of tekens van skeidingsangs.
- Hy/sy kan gereeld huil, buierig wees of onbuigsaamheid om sekere sosiale situasies te hanteer wat aan slaapprobleme gekoppel word.
- Daar is geen skakel tot enige biologiese gestremdheid, d.w.s. geen probleme wat geassosieer word met fisiese of kognitiewe aspekte nie.
- Huwelikskonflik: die geaffekteerde kind kan nader aan die ma wees, terwyl ander kinders die pa steun.
- Daar kan 'n oorbeskermende, versorgende verhouding met die ma wees wat alles wil beheer en daar kan 'n abnormaal streng of onbetrokke pa wees.
- Daar kan voorvalle van misbruik, verwaarlosing of trauma (verkragting, molestering, bloedskande) wees.
- Daar kan 'n onaangename huisomgewing wees, bv. wanneer gesinslede vyandigheid en beheer deur stilte tussen ouers uitspreek.
- Daar kan immigrasie na die buiteland wees.
- Daar kan 'n vroeë emosionele fisiese trauma wees, veral aan die mond.
- Daar kon vroeë hospitalisasie wees.
- Daar kan sielkundige bewoning ('inhabitation') wees.

(Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou 

3.5.4
- Professionele hulp: Verwys die ouer en die kind na 'n geestesgesondheidspraktisyn of sielkundige.
- Medikasie: Antidepressante of teen-angs medikasie kan in uiterse gevalle gebruik word.
- Berading: Individuele en gesinsberading
- Behandelingstegnieke:
  - Hipnose
  - Spraak- en taalterapie
  - Individuele psigoterapie
  - Arbeidsterapie
  - Sensoriese integrasie terapie
  - Gedragsmodifikasiebehandeling (Enige 5 × 1) (5)

3.6 GEDIFFERENSIEERDE HUIL
- Babas gebruik verskillende klankpatrone en toonhoogtes om verskillende behoeftes uit te druk, bv. 'n harde, skerp huil met 'n gekreun dui pyn aan en 'n harde gehuil met suigbewegings dui honger aan.
- Ouers is in staat om tussen die onderskeie tipes huil van babas te onderskei. (Enige 1 × 2) (2)

ONGEDIFFERENSIEERDE HUIL
- Babas gebruik dit alleenlik om hulle behoeftes uit te druk omdat daar nie afwisseling in die huil is nie. Die baba probeer om honger, dors, vrees, pyn of ongemak uit te druk omdat die huilklanke dieselfde vir al hierdie behoeftes klink.
- Ouers is nie in staat om te onderskei waarom die baba huil nie.

(Enige 1 × 2) (2)

3.7
- Tree in konstante gesprek met die kind.
- Reageer positief op kind se reaksies.
- Vermy gebruik van babataal, bv. 'woef-woef' vir 'hond'.
- Behou oogkontak, toon liefde, belangstelling en aandag.
- Dra fisiese liefde en liefde in jou stem oor. (Enige 3 × 2) (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1
- Praat oor die lewe met jou adolessente kind.
- Probeer uitvind met watter kwessies jou kind sukkel.
- Weet wat sy/haar vrese, probleme is en hom/haar genot verskaf.
- Gee om oor die probleme waardeur jou kind worstel.
- Wend 'n poging aan om uit te vind wat in sy/haar lewe aangaan.

(Enige 3 × 2) (6)

4.2 4.2.1
- Die ontwikkeling van 'n individu se eiesoortige persoonlikheid
- 'n Persoon word bewus van hom-/haarself as 'n unieke, onafhanklike entiteit met 'n besondere plek in die gemeenskap.

4.2.2 Dit beskryf hoe gelukkig 'n persoon met hom-/haarself is gebaseer op die mate waarin hy/sy hom/haar aanvaar het vir wie hy/sy is. (2 × 2) (4)

4.3 4.3.1

- Hoofpyne (insluitend skeelhoofpyne)
- Maagongesteldhede (bloeiende maagsere, spastiese kolom, swak aptyt, diarree, hardlywigheid, naarheid)
- Pyne en stywe spiere
- Borspyne en vinnige hartslag
- Gevoel van uitputting en gebrek aan energie
- Versteurde slaappatrone (slaaploosheid of te veel slaap)
- Gereelde verkoues of infeksies
- Bewende hande
- Gesuis in die ore
- Koue, sweterige hande en voete
- Droë mond en sluk moeilik
- Stywe kaakspiere en knersende tande
- Velprobleme, bv. ekseem
- Sweet sonder inspanning of hoë lugtemperatuur
- Lighoofdigheid, palpitasies en sensasies van naarheid – ongereelde hartslag
- Hipertensie
- Laer immuniteit/weerstand teen siekte
- Asma
- Verteringsversteurings: deurlopende diarree, spastiese kolon, bloeiende maagsere, swak aptyt (Enige 5 × 1) (5)

4.3.2

- Buierigheid en hulpeloosheid (minderwaardigheidsgevoel, voel nie geliefd nie, voel vasgevang, eensaamheid, angstigheid)
- Algemene pessimisme/gebrek aan entoesiasme
- Ooreet in 'n poging om beter te voel
- Frustrasie
- Depressie/Neurose
- Benoudheid, wat uiterse irritasie oor klein dinge kan veroorsaak
- Swak konsentrasie, geheueverlies en vergeetagtigheid
- Uiters swak selfbeeld en lae selfwaarde
- Sosiale onttrekking
- Onvermoë om te kommunikeer
- Word doeltreffend antisosiaal (Enige 5 × 1) (5)

4.3.3
- Swak skoolprestasie
- 'n Verswakking in fisiese gesondheid
- Kommunikeer moeilik met portuurgroep
- Depressie
- Emosioneel onstabiel, bv. gevoelens van hartseer en woede, klaerig, huil
- Ontwrigtings in roetine, bv. gebrek aan slaap, gebrek aan versorging, bednatmaak
- Aggressiewe en rebelse gedrag om frustrasie te verlig

(Enige 5 × 1) (5)

4.4 4.4.1
- Hierdie leier se doelwit is om besluitneming met alle groeplede te deel aangesien hy/sy sosiale gelykheid vir hulle wil bevorder.
- Die leier laat deelname en betrokkenheid van alle lede toe en dit is die sleutel-elemente van sukses. Dit sal die respek en liefde van die groep wen.
- 'n Demokratiese leier toon besorgdheid vir die gevoelens en belange van die groeplede. So 'n leier lei deur voorstelle te maak eerder as om opdragte te gee. (Enige 3 × 1) (3)

4.4.2
- Wedersydse respek wat daartoe lei dat die groep optimaal funksioneer
- Kweek 'n sin van samehorigheid en tevredenheid
- Verhoudings word gebou as gevolg van wedersydse vertroue
- Kinders raak gefokus om 'n algemene doel te bereik

(Enige 3 × 2) (6)

4.5 4.5.1
- Laat kinders toe om die direkte toesig van ouers te vermy.
- Vorm 'n verwysingsgroep waarin adolessente hulle gedrag kan beoordeel, frustrasies kan uitdruk, probleme bespreek en doelwitte hersien
- Vorm 'n ondersteunings- en strukturele basis vir adolessente uit gebroke huise en enkel-ouer gesinne
- Dra by die identiteitsvorming tydens die vroeë stadiums van adolessensie wanneer tieners 'n gebrek aan onafhanklikheid, selfvertroue en sin van identiteit ervaar
- Beïnvloed die adolessent se intellektuele en persoonlike ontwikkeling
- Help om konfliksituasies op te los
- Bied 'n gevoel van sekuriteit, aanvaarding en begrip
- Help adolessente om emosionele spanning te verlig
- Laat adolessente toe om van nuwe idees te leer en daarmee te eksperimenteer – ontwikkel doeltreffende sosiale funksionering
- Maak geleenthede vir kommunikasie en die vorming van nabye vriendskappe met die teenoorgestelde geslag moontlik
- Die groep fasiliteer emansipasie van die gesinshuis
- Bied seksuele inligting aan adolessente
- Ontwikkel norme vir seksuele aktiwiteite (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

4.5.2
- Toon entoesiasme en neem inisiatief in alledaagse aktiwiteite
- Het groter verdraagsaamheidsvlakke en toon simpatie met portuurgroeplede
- Word meer buigsaam oor ander se idees
- Toon selfvertroue
- Handhaaf 'n vrolike en positiewe verstandhouding met ander as gevolg van gedeelde belangstellings
- Kan daarop gemik wees om 'n aantreklike fisiese voorkoms te handhaaf (Enige 5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou